



Die Rietfluit

JAARTEMA:

Saam met Jesus...

Augustus 2019

Liewe Lidmaat

HOEKOM IS DIT BELANGRIK OM AAN 'N KERK TE BEHOORT EN GEREELD KERK TOE TE GAAN?

Dit is onmoontlik om as gelowige jou geloof in isolasie te beoefen. Net soos isolasie van die gemeenskap lei tot eksentrieke gedrag en lewenstyl, lei kerkloosheid tot 'n onvolkomenheid ten opsigte van die volheid wat Christus vir elke gelowige bestem het.

Ons as mense is sosiale wesens, ons het sosiale interaksie nodig om volkome te groei as individu. Ons het beide negatiewe en positiewe interaksie nodig. Ons ontwyk en vermy gewoonlik konflik en soek altyd net positiewe interaksie. Maar die negatief is net so essensieël as die positief om volkome groei te bewerkstellig.

Die skeppingdoel en ook die toppunt van 'n gelowige se geestelike groei is om volkome gelykvormig te word aan die beeld van Jesus Christus. (Rom 8:29)

Daar is verskeie faktore wat deur God gebruik word om geestelike groei in ons lewe te bewerkstellig: As ons Efe 4:11-16 lees en bestudeer, dan sien ons presies hierdie groei en wasdom waarna ons op soek is. *"totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering,*

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring" Dis presies God se hart en droom vir ons!

Wat is egter die werktuie waardeur God hierdie groei bewerkstellig?

Die vyf gawes wat God vir die Kerk gegee het. Apostel, Profeet, Evangelis, Herder, en Leraar. **Gemeentes wat gebou is rondom hierdie vyf gawes se invloed en bediening is gebou op God se patroon en sal geestelik gesonde mense huisves.** Hierdie gemeentes moet sorg dat die gemeente genoegsaam blootstelling kry aan al hierdie vyf tipes bedieninge, maar die aktiwiteite in die gemeente moet ook hierdie bedieninge reflekteer.

Die lede van die liggaam uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde. Die liggaam het 'n inherente vermoë om homself op te bou en mee te werk tot elke onderskeie lid se geestelike groei (*meer hieroor in volgende maand se Rietfluit*)

Broer, suster: HELP ONS OM 'N GEMEENTE TE WEES WAT GEBOU IS RONDOM DIE VYF GENOEMDE GAWES; dan kan die bediening gebou wees op God se patroon en sal die gemeente geestelik gesonde mense huisves.

(die oorspronklike dokument op <http://www.hrco.co.za/wp-content/uploads/2013/03/Hoekom-is-kerk-belangrik.pdf> is aangepas)

BOOMSLOPING & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **3 Aug:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **9 Aug:** Vakansiedag (Vrouedag)
- ♦ **18 Aug:** Nagmaal om 9:00
- ♦ **25 Aug:** Youthbash om 18:00
- ♦ **1 Sep:** Afsluiting: 40 Dae Reeks
- ♦ **14 Sep:** Karnaval
- ♦ **20 Sep:** Skole sluit
- ♦ **24 Sep:** Vakansiedag (Erfenisdag)

Sien jou daar!

Helpende Hand



Give your hands to serve
and your hearts to love.

Bydrae vir Jeugwerkerkursus

'n Jong man van ons gemeente is entoesiasies om as Jeugwerker te studeer, maar benodig fondse vir die klageld. Dis deelydse studies vir 2 jaar.

Enige bydra sal baie wardeer word.

Merk koevert of EFT betaling as "Jeugwerkkursus" asb.

Vir meer info kontak Ds. Leon Tait.

*Ons oog is nie op die sigbare dinge rerig nie,
maar op die onsigbare; want die sigbare
dinge is tydelike, maar die onsigbare ewig.*

2 Korintiërs 4:18



Die Bybel

Baie Christene koester nie die Bybel nie.

Dit is so maklik om 'n Bybel te verkry, maar dis ook net so maklik om dit te verwaarloos en nie oop te maak nie! Iemand wat die Skrywer van die Bybel ken, sal egter baie graag die Bybel wil lees.

'n Man van Kansas City in Amerika was erg beseer in 'n ontploffing. Evangelis Robert Summer praat van hierdie man in sy boek, *'Die wonder van die Woord van God'*.

Hierdie man se gesig was erg vermink. Hy het sy sig verloor asook beide sy hande. Hy was 'n nuwe bekeerling en die grootste teleurstelling vir hom was dat hy as gevolg van hierdie besering nie meer die Woord van God sou kon lees nie.

Hy hoor toe van 'n vrou in Engeland wat braille met die hulp van haar lippe lees. Nadat hy haar gekontak het, het sy vir hom 'n paar boeke van die Bybel in Braille gestuur.

Dit was egter vir hom 'n groot teleurstelling om intussen uit te vind dat die senuwee-eindpunte van sy lippe totaal vernietig was met die ontploffing en dat daar geen gevoel in sy lippe meer was nie.

Hy het, nadat hy die Bybelboeke in Braille gekry het, dit uit opgewondenheid styf teen sy bors vasgedruk met sy arms. Sy tong het per ongeluk aan 'n paar van die Braille letters geraak en hy was verheug om te ontdek dat sy tong wel gevoel gehad het.

'Nou kan ek sowaar probeer om die Bybel te lees deur middel van my tong' was sy eerste gedagte. **Daardie man, skryf Summers, het al vier keer deur die Bybel gelees met sy tong!**

Broer, Suster, Jongmens: hierdie man, wat sonder hande en sonder sig is, het die Bybel al 4 keer deurgelees, en dit deur sy tong te gebruik! Hoeveel keer het ons, wat hande en sig het, die Bybel al deurgelees?

Wat is dit wat jou verhinder om jou Bybel gereeld te lees en te ontdek wat God daaruit vir jou wil sê? Vra die Here om dit wat jou keer, uit die weg te ruim.

Groete 1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God Drie-enig

Ds Leon Tait



DIE WARE OORVLOEDIGE LEWE

Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.

1 Johannes 5:12

Wat jou metodes van ontspanning en lewensgenot ook al is, jy mag nooit die feit uit die oog verloor dat Jesus Christus gekom het sodat jy die lewe in al sy oorvloed kan hê nie (Joh. 10:10).

Hoe betrokke jy ook al voel in jou werk of ontspanning, jy sal nooit volle bevrediging ondervind voordat jy die lewende Christus gevind het nie.

As jy jou lewe volkome vir Hom oopstel en sy Heilige Gees toelaat om in jou te werk, sal jou lewe 'n totaal nuwe dimensie aanneem.

Nooi die lewende Christus in jou hart in en laat Hom toe om jou bestaan te transformeer tot oorvloedige lewe.

Verlosser, van dat ek my lewe aan U oorgegee het en die Gees toegelaat het om my bestaan te beheers, het my bande weggeval en is my hart bevry om waarlik te lewe. Amen.

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik,
Christian Art Gifts RSA, bl. 11 Julie

DIE 7 SEËNINGE VAN GEBED

Seëning 1: 'n Dieper verhouding met God.

Gebed geloof laat toeneem, gee vir jou 'n plek om jou laste af te laai, leer ons dat God altyd naby is, leer ons om nie paniekering te word nie en dit verander lewens.

Seëning 2: Groter reinheid.

Reinheid is 'n proses van geestelike groei. Deur erns te maak met sondebelydenis tydens gebed help jy hierdie proses aan. Die een groot sonde in my lewe was skinder. Dit het eers end gekry toe ek nie net meer daarvoor bid nie, maar dit regtig as sonde bely het elke keer wanneer ek geskinder het. Ek het God ook gevra om dit uit my lewe uit te sny.

Seëning 3: Vertroue in besluitneming.

Kyk na die beeld van Jesus in gebed in Markus 1:35. Wat was die gevolg van die tyd wat Hy in gebed deurgebring het ten opsigte van sy besluitneming? Watter verskil het gebed gemaak aan die rigting van sy nuwe dag? En watter verskil kan gebed maak in die rigting van jou dag?

Seëning 4: Beter verhoudings.

Bid vir jou verhoudings met jou familie en vriende. Vra vir die Here se leiding in hoe jy optree teenoor ander.

Seëning 5: Teverdenheid.

Identifiseer 'n terrein van jou lewe waar jy met tevredeheid sukkel. Kyk nou na Filippense 4:10 - 13. Wat kan jy uit hierdie woede van die apostel Paulus omtrent vergenoegdheid leer?

Seëning 6: Godsvertroue.

Lees Psalm 34:9 en Psalm 84:11.



Seëning 7: Die bediening van gebed.

Edith Schaeffer het gesê: “Om vir ander mense in te tree maak ‘n verskil aan die geskiedenis van ander mense se lewe.” Watter mense kan jy deur gebed bedien?

Hier is ‘n paar praktiese voorstelle oor hoe om ‘n hart van gebed te ontwikkel:

- ◆ Stel ‘n gebedsrooster op waarop jy gebedversoeke en –response neerskryf.
- ◆ Maak elke dag tyd vir gebed en stilwees saam met God.
- ◆ Bid altyd (vgl. Ef. 6:18) en op enige plek. Geniet God se teenwoordigheid waar jy ook al is (vgl. Jos. 1:9).
- ◆ Bid getrou vir ander, insluitend vir jou vyande (vgl. Matt. 5:44)
- ◆ Aanvaar die krag van gebed.

George E, 2001, ‘n Vrou na God se Hart, Christelike Uitgewersmaatskappy, bl. 26 - 29

OMGEE-BEDIENING

KOM SLUIT AAN BY ‘N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.



Dit is die bediening wat die omgeegroepes ondersteun en organiseer.

Omgeegroepes is in hierdie gemeente die primêre “voertuig” van bediening en versorging!

© As jy oorweeg om by ‘n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

© Indien jy kans sien om as ‘n omgeegroep-leier opgelei te word kontak

True humility and fear of
the Lord lead to riches,
honor, and long life.
Proverbs 22:4



Dear Lord, May I always walk
in true humility. May I always
put you first in all things and
bring honor to your name.
You are so good to me.

THE
PEA
HEA

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus ‘n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100